NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 18

1 Junie 2023

# Veranker in die Drie-eenheid; gerig deur die Heilige Gees

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Hierdie week vier ons Pinkster en daarmee saam Drie-eenheidsondag. Pinkster is die tyd waarin ons die uitstorting van die Heilige Gees en God se teenwoordigheid in ons lewens vier. Dit kan dan ook nie anders nie as om saam met Drie-eenheidsondag gevier te word. God se Gees is die derde persoon in die trinitariese eenheid.**

Ons sien reeds in die Ou Testament hoe God se Gees – sy asem – sorg vir lewe. Psalm 104 is 'n Skeppingspsalm wat God se grootheid besing. Die psalmis jubel oor hoe die Here voorsien en die skepping versorg. God stuur sy asem (vers 30) en daar word geskep – die aarde word nuut. Hy skep voortdurend en is die Onderhouer van alle lewe.

In Johannes 14 verduidelik Jesus aan sy volgelinge hoekom Hy moet weggaan en wat sal gebeur as Hy weggaan. Tóg gee Hy aan hulle dié hoop dat hulle nie alleen sal wees nie. God gee 'n Trooster, sy teenwoordigheid, om in elke asemteug by die mens te wees. Dit is ook die Gees van waarheid wat die mens lei en rig om met die nodige onderskeidingsvermoë te kan lewe. Jesus laat ook sy vrede na. Dit is 'n vrede wat anders is as die wêreld se vrede. God se teenwoordigheid gee rus en vrede te midde van wat die lewe ons bied.

Dit is daardie rus waarvan ons ook lees in Eksodus 33: 14-15 (2020): *Die Here het gesê: "Moet my teenwoordigheid saamgaan, en moet Ek vir jou rus gee?" Hy het vir die Here gesê: "As u teenwoordigheid nie saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat optrek nie."*

God se teenwoordigheid vul ons met vergenoegdheid, dat ons soos Koos du Plessis in sy gebed kan vra dat alle aardse vreugde en vrese eindelik nietig word vir ons; dat ons na net een iets smag – God se waters van rus…

Die rus wat God se teenwoordigheid bied, is 'n versugting by elkeen van ons. Ons vind rus by God ten spyte van 'n gejaagde lewe. Ten spyte van bekommernis, kan ons by God rus en vrede vind. Dit is 'n heilige rus – sy teenwoordigheid vul ons met tevredenheid. Soos 'n kindjie wat rus vind by 'n moeder, so vind ons rus by God. By God Drie-enig vind ons geborgendheid, 'n vrede wat ons vul met 'n vergenoegdheid wat alle wêreldse dinge oorbodig maak.

Die Heilige Gees lei ons, rig ons, troos ons en versterk ons. Veranker in die Drie-eenheid, vind ons rus en vrede, ten spyte van aardse uitdagings.

**Die Here is voor ons om die pad gelyk te maak.**
**Die Here is langs ons om ons hand vas te hou.**
**Die Here is agter ons om ons te behoed.**
**Die hand van die Here is onder ons om ons te dra as ons swak is**
**en ons op te help as ons val.**
**Die Here is rondom ons om ons te beskerm.**
**Die Here is bokant ons om ons te seën.**
**Die Here is binne-in ons, want Hy lei ons deur sy Heilige Gees.**
**Die Here is vir ons, want Jesus pleit vir ons.**
**Die Drie-enige God is by ons, van nou af tot in ewigheid.**

**Prof Ananda Geyser-Fouché**
**Medeprofessor: Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte, UP**

## Lief en leed

- Ds Peet Esterhuizen (emeritus) se broer, **Abram (Basie) Esterhuizen** (56), is Vrydag 26 Mei oorlede na ’n hartaanval. Ds Peet sê sy broer was ’n baie praktiese mens, lief vir sy groentetuin en om te gaan jag. Hulle het daagliks kontak gehad, telefonies of per WhatsApp. Ons innige simpatie gaan aan mnr Esterhuizen se vrou, Hanna, hul kinders Jo-mari en Anton, die vyf kleinkinders, ds Peet en die res van die familie.




Prof Lourens Steenkamp

- **Prof Lourens Steenkamp** (emeritus/Makarios, 76) was verlede week in ’n ernstige motorongeluk betrokke. Hy is in ’n kritieke toestand in Unitas se intensiewesorgeenheid opgeneem. Een van sy nekwerwels is gebreek. Die operasie om sy nek te stabiliseer, was geslaagd, en hy is geleidelik uit sedasie wakker gemaak. Hy was aan die begin van die week steeds afhanklik van ’n ventilator, en het nie gevoel gehad van sy nek af ondertoe nie. Daar is definitiewe hoop dat sy toestand sal verbeter en dat die gevoel sal terugkom, maar dit gaan oor ’n lang tyd wees. Intussen is die ventilator verwyder en is hy nou meer bewus van wat om hom gebeur. Die Kerk se voorbidding word vir prof Lourens en sy vrou, Duveen, gevra.

- **Die volgende predikante verjaar tot 9 Junie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Sondag 4 Junie: Di TF (Thomas) Joubert (65) (Swellendam) en CAA (Tiaan) Loedolff (37) (Vaalwater)
  - Maandag 5 Junie: Dr JGM (Hans) Dreyer (78) (emeritus) en ds GF (Frikkie) van Wyk (58) (Montana-Oos)
  - Dinsdag 6 Junie: Prof APB (Andries) Breytenbach (79) (emeritus/Vanderkloof) en ds PS (Petrus) Dreyer (38) (buiteland)
  - Woensdag 7 Junie: Di LJJ (Leon) Nell (83) (emeritus) en JA (Johnny) Young (49) (Rustenburg-Tuine)
  - Donderdag 8 Junie: Di WJM (Willem) Breytenbach (63) (Hazyview/Sabie/Witrivier) en RC (Marina) Kok-Pretorius (28) (Potchefstroom)
  - Vrydag 9 Junie: Ds JJ (Kotie) Mc Donald (65) (Turffontein)

## Gemeentes en bediening



Ds Kotie Mc Donald

- **Ds JJ (Kotie) Mc Donald** van Gemeente Turffontein aanvaar op 30 Junie 2023 emeritaat.

- **Gemeente Laer Suidkus** word **50 jaar oud** op 17 Junie vanjaar. Die geleentheid word gevier oor die langnaweek van 16 tot 18 Junie. Op **16 Junie** vanaf 12:00 word ’n **spitbraai** gehou op die kerkterrein te Scottstraat 3, Port Shepstone. Op **18 Junie** om 09:30 word ’n **dankdiens** gehou in die kerkgebou, en na afloop van die erediens word ’n vingerete aangebied. Oudlidmate en ander belangstellendes wat die geleenthede wil bywoon, moet asseblief skakel met ds Jacques Pieterse by 082 458 4482.

- **Gemeente Philadelphia** het ’n vakature vir ’n **terreinbestuurder**. Die pos is vanaf 1 Junie 2023 beskikbaar. Belangstellendes kan ’n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- **Dr Ben van Tonder** van die Protestantse Kerk in Oldeborn, Nederland, laat weet soos volg: *Kollegas in Suid-Afrika, as julle weet van ’n predikant of geestelike leier en gesin wat graag **in Nederland** wil kom vakansie hou, laat hulle my op Messenger ’n boodskap stuur. Ons huis en voertuig is gratis beskikbaar tussen 23 Julie en 18 Augustus 2023. Hulle moet net self tot hier kan kom...*



- Ds Carel Johann de Bruin by die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na ’n **vrywillige**

